



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

SEPTEMBER 2021

**RELIGIESTUDIES V1
NASIENRIGLYN**

PUNTE: 150

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 18 bladsye.

AFDELING A**VRAAG 1**

- | | | | |
|-----|--------|--|-----|
| 1.1 | 1.1.1 | B – rituele | (1) |
| | 1.1.2 | B – die Pad van die Heelal | (1) |
| | 1.1.3 | C – Sufisme | (1) |
| | 1.1.4 | D – Lao-Tzu | (1) |
| | 1.1.5 | D – Shaivisme | (1) |
| | 1.1.6 | A – Die Avondmaal | (1) |
| | 1.1.7 | C – Sekularisme | (1) |
| | 1.1.8 | D – uit Mahayana Boeddhisme | (1) |
| | 1.1.9 | B – Mus | (1) |
| | 1.1.10 | C – Geloof in voorvaders | (1) |
| 1.2 | 1.2.1 | E – die sentrale leringe word in die Tripitaka vervat | (1) |
| | 1.2.2 | G – 'n beroemde geestelike teks in Hindoeïsme | (1) |
| | 1.2.3 | B – Zikr is een van die belangrike rituele waartydens die gelowige God deur meditasie ontmoet | (1) |
| | 1.2.4 | A – die oortuiging dat elke handeling 'n uitwerking het op die toestand van die siel en die kans om moksha te behaal | (1) |
| | 1.2.5 | C – word behaal deur 'n leeftyd van wysheid en beoefening, nie deur innerlike oortuiging of geloof nie | (1) |
| | 1.2.6 | D – gee besonderhede oor Jesus se lewe en leringe | (1) |
| 1.3 | 1.3.1 | Ahimsa – In die Hindoe, Boeddhistiese en Jainistiese (Djainistiese) tradisies beteken dit respek vir alle lewende dinge en die vermyding van geweld teenoor andere | (2) |
| | 1.3.2 | Abu Bakr – was die skoonpa van die Profeet Mohammad. Hy was die opvolger van Mohammad / die eerste kalief | (2) |
| | 1.3.3 | Nirvana – 'n toestand van perfekte geluk en vrede in Boeddhisme | (2) |
| | 1.3.4 | Lutherse – 'n denominasie in Christendom | (2) |
| | 1.3.5 | Jesus – die stigter van Christendom | (2) |

1.4	1.4.1	Tanak	(2)
	1.4.2	Pali Kanon	(2)
	1.4.3	Aanbidding	(2)
	1.4.4	Arabies	(2)
	1.4.5	Upanishads	(2)
1.5	1.5.1	WAAR	(2)
	1.5.2	VALS. Die heilige naam vir God is YAHWEH/Elohim/Adonai/Shem.	(2)
	1.5.3	VALS. Dit was in Arabies geskryf.	(2)
	1.5.4	VALS. Die wêreldse prosesse het ontstaan uit twee kragte; yin en yang.	(2)
	1.5.5	VALS. Die langste heldedig in Hindoeïsme is die Mahabharata.	(2)
1.6	1.6.1	Die belangrikheid van meditasie in Boeddhisme.	
		<ul style="list-style-type: none">• Meditasie help om beheer oor die denke te kry.• Dit is nodig om 'n vlak van 'niegehegtheid' te bereik.• Boeddhiste gebruik die meditasieproses om die bose te oorwin.• Kennis kan, volgens Boeddhisme, deur meditasie bekom word.	(2)
	1.6.2	Bahá'u'lláh	
		<ul style="list-style-type: none">• Hy is die stigter van die Bahá'í' geloof.• Hy was 'n Persiese edelman en 'n profeet.	(2)

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 2.1.1 IDENTITEIT

- Identiteit beteken individualiteit.
- Dit beteken die godsdienst het 'n sekere individualiteit of 'n sekere persoonlikheid wat dit van ander godsdienste onderskei.
- Dit beteken bevestiging van waardigheid en waarde van 'n godsdienst.
- Erkenning van wie ek is, ons is en wie ander is.
- Dit beteken 'n eksklusiewe godsdienstige identiteit waarin jy sterk met die oortuigings en leerstellings van die godsdienst identifiseer en dit as definiërende van jou lewe beskou.

LET WEL: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (4)

2.1.2 “Suid-Afrika word die Reënboognasie genoem.” Verduidelik hierdie aanhaling in die konteks van religie.

- Suid-Afrika is 'n land met baie verskillende godsdienste.
- Elke godsdienst verskil in kleredrag, rituele en tradisies.
- In Suid-Afrika is alle religieë gelyk.
- Suid-Afrikaners noem hulself die reënboognasie, omdat hier Witte, Swartes, Kleurlinge en Indiërs is met verskillende velkleure, maar hulle leef en werk saam as een verenigde nasie, net soos die kleure van 'n reënboog.

LET WEL: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (4)

2.2 UNIEKE EIENSKAPPE / KENMERKE VAN EEN GODSDIENS

Afrika Tradisionele Godsdienste

- ATG het nie 'n heilige teks nie.
- Leringe en rituele word mondeling van een generasie aan die volgende oorgedra.
- Daar is geen spesiale dag van aanbidding nie.
- Die rituele self word eerder as heilig beskou.
- Kommunikasie met die voorvaders deur die ritueel van diereoffers is 'n unieke kenmerk van Afrika Tradisionele Godsdienste.
- Voorvaders het die mag om siekte of rampe, maar ook geluk en gesondheid, te veroorsaak.
- Wanneer mense doodgaan, word daar geglo dat hulle by die geesteswêreld aansluit.
- Die deel van 'n gemeenskaplike maaltyd, sodat die lewendes met die voorvaders kan kommunikeer, is belangrik.

LET WEL: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word.

Judaïsme

- Jode glo dat hulle 'n verbond met God het.
- God is byna 'n vaderfiguur wie beide hul Skepper en Beskermer is.
- God is so heilig dat dit verbode is om selfs Sy naam te noem.
- Hulle glo dat God Homself deur Sy Wet openbaar.
- Hulle plaas meer klem op die korrekte manier van lewe, eerder as geloof of oortuiging.

Islam

- Daar word geglo dat daar slegs een God met die naam Allah, is.
- Hulle glo dat Allah verskeie profete gestuur het, maar dat die Profeet Muhammad die finale boodskapper was.
- Hulle primêre bronne is die Koraan en die Hadith.
- Hulle glo aan die finale oordeel wanneer die hele mensdom geoordeel sal word.
- Hulle glo dat die Koraan in die Arabiese taal geopenbaar is en dat dit in Arabies gelees moet word.

Christendom

- Christene glo dat Jesus Christus die Seun van die lewende God is.
- Hulle glo dat God sy Seun gestuur het om vir hulle sondes te sterf.
- Christene glo dat God in Jesus Christus 'n menslike vorm aangeneem het.
- Hulle glo dat Jesus gekruisig was, gesterf het en uit die dood opgestaan het.
- Hulle glo in die Drie-Eenheid – die Vader, die Seun en die Heilige Gees.
- Hulle glo dat vergifnis in die naam van Jesus is.
- Hulle glo dat Jesus Christus die enigste weg na God is.
- Hulle vier die Nagmaal (Eucharistie) ter herinnering aan die dood van Jesus Christus.

LET WEL: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word.

(6)

2.3 VERSTANDHOUDING VAN AFRIKA TRADISIONELE GODSDIENS JEENS DIE VOORVADERS EN HULLE ROLLE

- Toe die eerste generasie dood is, het hul geeste by die geesteswêreld aangesluit waar die Skepper woon.
- Met ander woorde, die dood van die eerste generasie was die begin van die voorvaders.
- Die voorvaders het dan die boodskappers van die Skepper geword.
- Hulle is ook die toesighouers oor die fisiese wêreld.
- Die voorvaders sien om na die welstand van die lewendes.
- Hulle openbaar hulself deur drome en soms deur visioene om met die lewendes te kommunikeer.
- Om met God te kommunikeer, gebruik die lewendes die voorvaders – hulle dien as tussengangers.

LET WEL: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word.

(6)

2.4 SKRYF NEER DIE GEMEENSAPLIKE KENMERKE WAT BESTAAN TUSSEN HINDOEÏSME EN BOEDDHISME

- Glo in reïnkarnasie.
- Beide het heilige geskrifte.
- Beide religieë beoefen rituele.
- Beide observeer spesiale heilige dae.
- Beide se oorsprong is in Indië.

LET WEL: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word.

(6)

- 2.5 2.5.1 **DEFINEER DIE TERM *KORRUPSIE***
- Korruptsie word beskou as oneerlike of bedrieglike gedrag deur mense in posisies van outoriteit wat veral met omkoperij te doen het.
LET WEL: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (2)
- 2.5.2 **VOLGENS DIE PRESIDENT, WIE WAS DIE MEES KWESBARE GROEP**
- Die honger
 - Die behoeftiges
 - Ontvangers van maatskaplike toelae
 - Werknemers wat hul inkomste as gevolg van die pandemie verloor het.
 - **LET WEL:** Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (2)
- 2.6 2.6.1 **WAT VERSTAAN JY ONDER MORALITEIT?**
- Moraliteit verwys na die vermoë om te onderskei tussen reg en verkeerd.
 - Moraliteit beteken ooreenstemming met die reëls van korrekte optrede.
 - Dit kan deur sekulariste as apart van godsdiens beskou word.
 - Moraliteit is op jou samelewingswaardes gegrond.
LET WEL: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (4)
- 2.6.2 **TWEE VOORBEELDE OM TE DEMONSTREER DAT MORALITEIT VAN GODSDIENS AFKOMSTIG IS**
- Alle godsdienste onderskei tussen reg en verkeerd.
 - Christene en Jode leef in 'n groot mate volgens die Tien Gebooie, byvoorbeeld; Jy moet nie egbreek pleeg nie. (In Judaïsme en die Christelike godsdiens.)
 - Moslems volg die Koraan as die pad wat hulle loop.
LET WEL: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (4)
- 2.7 **VERDUIDELIK DIE KONSEP *LERING*.**
- Lering kom van 'om iets te leer / te onderrig' wat beteken om kennis of begrip van 'n spesifieke godsdiens oor te dra om geloof daarin te versterk.
 - In godsdiens spesifiek beteken onderrig om stelselmatige/sistematies inligting oor 'n onderwerp of aspekte van 'n godsdiens te gee.
 - Lering is 'n normatiewe verduideliking van iets.
 - 'n Lering speel verskillende rolle in verskillende godsdienste.
LET WEL: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (4)
- 2.8 **DEFINIEER DIE TERM *GELOOF* IN DIE KONTEKS VAN GODSDIENS**
- Geloof word somtyds na verwys as 'n godsdiens, bv. die Islamitiese geloof.
 - Geloof beskryf die aanvaarding van 'n stelling of lering, hierdie word as die waarheid beskou deur die aanhangers/volgelingen van die gelowe/oortuigings.
 - Geloof kan ook as vertrouwe en selfvertroue beskryf word.
LET WEL: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (4)

2.9 DEFINIEER DIE TERM GOUE REËL.

- Dit is 'n universele etiese reël.
 - Die belangrikste leerstellings van 'n godsdienst.
 - Dit is die reël wat in bykans alle godsdienste en ander etiese stelsels gevind word.
 - Byvoorbeeld: Doen aan ander wat jy aan jouself gedoen wil hê.
- LET WEL:** Enige relevante antwoord moet gekrediteer word.

(4)
[50]

VRAAG 3

- 3.1 3.1.1 **VERDUIDELIK WAT JY ONDER MENSEHANDEL VERSTAAN**
- Mensehandel sluit in die gebruik van geweld, bedrog, of oortuiging/dwang om een of ander tipe arbeid of kommersiële seksuele handeling te verkry.
- LET WEL:** Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (2)
- 3.1.2 **NOEM ENIGE TWEE MENSEREGTE VAN DIE 40-JARIGE WAT GESKEND WAS**
- Die reg op vryheid van beweging.
 - Die reg op veiligheid.
- LET WEL:** Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (4)
- 3.1.3 **UIT DIE LEESSTUK, GEE BEWYSE HOE MENSEHANDELAARS HUL SLAGOFFERS VIND**
- Beloofes van 'n beter lewe. Die vrou was haweloos voor sy na Johannesburg geneem is.
 - Leuens oor die situasie waarin die slagoffer haar gaan bevind.
 - Ontvoering en onwettige aanhouding.
- LET WEL:** Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (4)
- 3.1.4 **WAT DINK JY BEHOORT DIE ROL VAN GELOOFSLEIERS IN DIE BEKAMPING VAN MENSEHANDEL TE WEES?**
- Geloofsleiers moet bewusmakingsveldtogte teen die probleem van stapel stuur en hul stemme laat hoor teen mensehandel.
 - Geloofsleiers moet moontlike gevalle van mensehandel aanmeld by die gereg en nie daaraan deel neem nie.
 - Geloofsleiers moet saamwerk met ander godsdienste en nie-regerings organisasies om veilige hawes te skep vir mense wie uit mensehandel vryekom het.
- LET WEL:** Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (4)
- 3.2 3.2.1 **CHRISTENDOM SE LERINGE WAT MENSEREGTE BEVORDER**
- Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.
 - Hierdie lering moedig mense aan om almal gelyk te behandel.
 - Jy mag nie moord pleeg nie.
 - Dit verwys na die heiligheid van die menslike lewe.
- LET WEL:** Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (4)
- 3.2.2 **ISLAM SE ONDERRIG WAT MENSEREGTE BEVORDER**
- Daar is geen dwang om tot Islam te bekeer nie.
 - Dit wil sê dat 'n mens se geloof vrywillig en opreg moet verkondig.
 - Dit laat vryheid van godsdiens toe.
 - Die instelling van zakat (liefdadigheid) verseker dat in basiese behoeftes van voedsel, skuiling en klere voorsien word.
- LET WEL:** Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (4)

3.2.3 **AFRIKA TRADISIONELE GODSDIENS SE LERINGE WAT MENSEREGTE BEVORDER**

- Die beginsel van Ubuntu moedig hulp aan jou gemeenskap aan.
- Die Ilima-gebruik is een waar die gemeenskap hulp verleen aan alle lede wat behoeftig is.

LET WEL: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (4)

3.3 **VERDUIDELIK WAT MET THE AANHALING “MENSEHANDEL IS ’N BLOEIENDE ONDERNEMING” BEDOEL WORD**

- Mensehandel is ’n vinnig groeiende of uitbreidende besigheid.
- Reg rondom die wêreld, maak mensehandelaars biljoene deur hul onwettige praktyke.
- Hulle ontvoer veral vroue, meisies en seuns om hulle te gebruik as seksslawe in hul prostitusie-ringe en bordele.
- Hierdie ontvoerde slagoffers word selfs in die maak van pornografiese films gebruik.
- Soms word daar ook met mans handel gedryf om as goedkoop arbeiders in sommige lande te werk.

LET WEL: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (4)

3.4 3.4.1 **VERDUIDELIK VERGELYKBAARHEID**

- Dit verwys na die vergelyking wat getrek kan word tussen geloofsgroepe of godsdienstige instellings (bv. denominasies).
- Dit beteken nie dat dinge eenders is nie.
- Beteken dat twee of meer dinge met mekaar vergelyk kan word.
- Die handeling om meer as een ding te vergelyk.
- Dit beteken dat twee of meer dinge heel moontlik ooreenkomste en verskille sal toon.
- Ooreenkomste kan eksplisiet of implisiet wees.

LET WEL: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (4)

3.4.2 **VERDUIDELIK EENDERSHEID**

- Eenders wees.
- Ooreenkoms met ’n spesifieke godsdien.
- Van dieselfde soort, met dieselfde aard, met dieselfde vorm.
- Twee of meer dinge kan dieselfde wees.
- Beteken kenmerke wat godsdienste of mense in gemeen het.
- ’n Persoon moet spesifiek wees oor hoe dinge eenders is, bv. die ooreenkoms tussen twee godsdienste: dat Boeddhisme en Hindoeïsme die geloof in reïnkarnasie in gemeen het.

LET WEL: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (4)

3.5 BESKRYF DIE KONSEP *MITE* IN DIE KONTEKS VAN GODSDIENS

- Die woord 'mite' kom van die Griekse woord 'mythos' wat 'woord' of 'fabel' beteken.
- Dit verwys na die verhale wat diepe waarhede oor skepping, lewe en dood openbaar.
- Mites is opgemaakte stories, maar godsdiens is die waarheid.
- 'n Mite is 'n storie wat geskep is om die onsienlike deur die sienlike te verduidelik, en om deur simbole lewe aan ons geloof te gee.
- Byvoorbeeld, in die Afrikaanse Tradisionele Godsdiens, het mense hul oorsprong in riete ('umhlanga').
- Mites is nie feitlik nie, maar word gebruik om waardes en lesse te leer.
- Mites vorm die basis van leerstellings en selfs dogma in sommige godsdienste.

LET WEL: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word.

(4)

3.6 VERDUIDELIK DIE ROL WAT GELYKENIS IN GODSDIENSTIGE LERINGE SPEEL

- Die woord gelykenis verwys na 'n storie wat vertel word om 'n godsdienstige beginsel te illustreer of om 'n godsdienstige vraag te beantwoord.
- 'n Gelykenis is gewoonlik baie kort en bevat 'n definitiewe morele les.
- 'n Voorbeeld hiervan is die 'gelykenis van die saaiër en die saad' in die Christelike godsdiens.
- 'n Gelykenis is 'n storie wat in 'n kunsvorm voorgestel word.

LET WEL: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word.

(4)

3.7 ONDERSKEI TUSSEN *DOKTRINE* EN *DOGMA*

- Doktrine is 'n stel oortuigings of beginsels.
- Doktrines word gereeld betwis.
- Daar is 'n gevoel van argumente en onderhandeling soos doktrines gevorm word in verhouding met filosofiese wêreldbeskouings.
- 'n Dogma het te make met die aanspraak op absolute gesag van sekere leerstellings.
- 'n Dogma is 'n oortuiging wat gelowiges sonder enige twyfel moet aanvaar.
- 'n Dogma is meer formeel, vas en gesaghebbend en daarom nie betwisbaar nie.
- Dogmas is bindend op lede as hulle beweer dat hulle deel van 'n godsdiens is.
- Dogma is 'n arrogante verklaring of opinie.
- Dit beteken dat indien 'n persoon 'n lid van 'n godsdiens wil word, hy of sy die dogmas van die godsdiens moet aanvaar.

LET WEL: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word.

(4)

[50]

VRAAG 4

4.1 4.1.1 **GEE EEN WOORD UIT DIE LEESSTUK WAT VIR ONSE SÊ DAT DR. MUSTAFA OPGEWONDE OOR GODSDIENSTIGE BETROKKENHEID IS**

- Passievol

(2)

4.1.2 **STEM JY SAAM DAT HEGTER BANDE TUSSEN GODSDIENSTE NOODSAAKLIK IS OM 'N MEER REGVERDIGE EN VREEDSAME WÊRELD TE VESTIG? GEE REDES VIR JOU ANTWOORD.**

JA

- Dit sal vryheid van keuse bevorder.
- Dit sal verdraagsaamheid en respek tussen godsdienste aanmoedig.
- Godsdienstige organisasies sal die geleentheid kry om saam te staan.
- Godsdienstige organisasies sal die uitdagings wat in die samelewing voorkom, saam kan beveg.

NEE

- Godsdienstige verskille is dikwels die bydraende faktore wat tot godsdienstige konflik lei.
- Party godsdienste kan dit dalk misbruik as gevolg van hulpbronne om te dikteer, te beïnvloed en ander godsdienste te oorweldig.
- Die vrees dat 'n godsdienst lede kan verloor kan hegter samewerking blokkeer.
- Die aanpassing by die leringe van ander godsdienste kan tot konflik lei.

LET WEL: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word.

(8)

4.1.3 **WAT WAS DIE IMPAK VAN RABBI SILVERSTEIN EN MOHAMMAD YAHYA SE MUSIEKGROEP?**

- Hulle het gemeenskapsbande deur hul samewerking gebou.
- Hulle het vertroue geskep binne die samelewing deur dialoog en musiek.

LET WEL: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word.

(4)

4.1.4 **VERWYS NA DIE CHRISTELIKE SIENING: "GODSDIENS IS STEEDS DIE FUNDAMENTELE FEIT IN DIE LEWENS VAN DIE MEESTE MENSE." WAT BETEKEN HIERDIE AANHALING?**

- Alle godsdienste is op morele waardes en oortuigings gefundeer.
- Dit help om ons te vorm en bepaal wat ons as reg en verkeerd sien.
- Godsdienst is wat nie net betekenis gee aan mense se lewens nie, maar ook die grondbeginsel van die lewe self is.
- Godsdienst word deel van mense se lewens van geboorte tot die dood.

LET WEL: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word.

(4)

4.2 4.2.1 **DEFINIEER DIE KONSEP GODSDIENSTIGE
VERDRAAGSAAMHEID**

- Godsdienstige verdraagsaamheid beteken om godsdienstige geloof / oortuigings en gebruike ander as jou eie, te verstaan en te respekteer.
- Godsdienstige verdraagsaamheid is waar mense ander mense toelaat om oor ander godsdienste en oortuigings te dink of te beoefen.
- Godsdienstige verdraagsaamheid is hoofsaaklik afhanklik van interaksie tussen godsdienstige groepe en individue in 'n gemeenskap.
- Dit is gebaseer op respek, verdraagsaamheid en begrip vir godsdienste wat anders as jou eie is.
- Die gewilligheid om ander se opinies en gedrag te verdra of jy daarvan hou of daarmee saam stem of nie.
- Om 'n idee of aksie te aanvaar wat anders of teenstrydig met jou eie is.

LET WEL: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word.

(2)

4.2.2 **DINK JY DAT GODSDIENSVRYHEID BESKERM WAS IN SA
VOOR 1994? GEE REDES VIR JOU ANTWOORD.
NEE**

- Godsdienstvryheid was nie beskerm tydens die apartheidsera nie.
- Gedurende die apartheidsera was slegs Christendom as 'n staatsgodsdienste erken.
- Christendom was die dominante godsdienste.
- Christelike-Nasionale Onderrig was die staat se onderwysbeleid.
- Bybelkunde en Bybelonderrig was in skole aangebied.
- Staatsfondse was gebruik om die salarisse van slegs sommige Christelike predikante betaal.
- Ander godsdienste het min erkenning gekry.
- Daar was nie godsdienstvryheid in die wetboeke nie.
- In 'n demokratiese Suid-Afrika word alle godsdienste gelyke status gegee.
- Godsdienstkunde is 'n NSS-vak wat verskillende godsdienste bestudeer.
- Dit het Bybelkunde en ander onderwerpe vervang wat slegs op een godsdienste gefokus het.
- Vryheid van godsdienste is in ons grondwet vervat.
- In alle staats- en amptelike vergaderings is gebede universeel of multigelooflik.

LET WEL: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word.

(8)

4.2.3 **EEN INTERGODDIENSTIGE ORGANISASIE WAT WERK VIR VREDE IN KONFLIKAREAS IN AFRIKA. BESKRYF DIE WERK WAT HULLE DOEN EN GEE REDES VIR DIE SUKSESSE OF MISLUKKINGS**

(a) DIE PROGRAM VIR CHRISTEN-MOSLEM-VERHOUDINGS IN AFRIKA (PROCMURA)

- Dit is die oudste, baanbreker intergeloofsorganisasie in Afrika.
- Die fokus is op Christenverhoudinge met Moslems.
- Om die evangelie binne 'n intergeloofsomgewing te aanskou.
- Om konstruktiewe betrokkenheid by Moslems vir vrede te bevorder.
- Om intergeloofskonsultasies te hou.

LET WEL: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word.

(b) DIE RAAD VIR GODSDIENSTIGE LEIERS IN AFRIKA (ACRL)

- Ook bekend as Godsdienste vir Vrede.
- Om respek vir alle godsdienverskille te verseker.
- Om die identiteit van godsdiensgemeenskappe te behou.
- Om te verseker dat godsdienste vir vrede deelneem aan die eerbiediging van verskillende maniere waarop godsdienstige gemeenskappe georganiseer word.
- Ondersteun die beginsels van verteenwoordiging.
- Om multigodsdienstige strukture wat plaaslik gelei word, te ondersteun.

LET WEL: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word.

(c) INTERGELOOF AKSIE VIR VREDE IN AFRIKA

- Dit is 'n Pan-Afrikaanse organisasie sonder winsbejag.
- Dit was in 2002 gestig.
- Daaraan toegewy om saam te werk vir vrede, demokrasie en eenheid op die vasteland.
- Hierdie organisasie was gestig om vrede en samewerking tussen godsdienstige gemeenskappe regoor Afrika te bewerkstellig.
- Om 'n ordentlike/menswaardige lewe vir almal te verseker.
- Hierdie organisasie is ook gestig om samewerking tussen godsdienste te bevorder.
- Dit sluit ook in die magtiging van vergaderings van godsdiensteleiers, wat die 'IFAPA' besluite neem.
- Daar is ook begin om die pogings van verskillende godsdienste te kombineer om vir die vrede op die vasteland van Afrika te werk.
- Om intergeloofsafvaardigings na konflik gebiede te stuur.

LET WEL: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word.

(8)

4.2.4 WAT SÊ DIE HUIDIGE SA KONSTITUSIE OOR GODSDIENS- VRYHEID?

- Godsdienstvryheid verwys na die staat waarin verskillende godsdienste vryheid het om hul godsdienste te beoefen.
- In die Handves van Menseregte in die Suid-Afrikaanse konstitusie word godsdienstvryheid ingesluit by die regte genoem.
- Almal het die reg op vryheid van gewete, godsdienste, denke, oortuiging en mening.
- Die godsdienstige regte van ander moet egter te alle tye gerespekteer word.
- Godsdienstige waarneming kan volgens drie voorwaardes by staats- of staatsondersteunde inrigtings uitgevoer word:
 - Die waarnemings volg die reëls wat deur die gepaste openbare gesag gestel is.
 - Waarnemings word op 'n gelyke basis uitgevoer.
 - Bywoning is gratis en vrywillig.
- Persone wat tot 'n godsdienstige gemeenskap behoort, het die reg om hul godsdienste te beoefen.

LET WEL: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word.

(8)

4.3 BESPREEK KORTLIKS DIE NADELE VAN 'N SAMELEWING SONDER GODSDIENSVRYHEID OF VERDRAAGSAAMHEID

- Geen godsdienstige harmonie.
- Godsdienstige groepe sal nie saamwerk om algemene sosiale kwessies te beveg nie.
- Sosiale samehorigheid sal baie moeilik verwesenlik word indien godsdienstige verdraagsaamheid nie aangemoedig word nie.
- Sommige godsdienstige praktyke sal onderdruk word aangesien dit as onaanvaarbaar deur ander godsdienstige groepe vertolk sal word.
- Daar sal godsdienstige diskriminasie en vooroordeel wees indien daar geen godsdienstige verdraagsaamheid is nie.

LET WEL: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word.

(6)

[50]

VRAAG 5**5.1 5.1.1 VERDUIDELIK KORTLIKS WAT DIE OPSKRIF VAN DIE ARTIKEL BETEKEN**

- Die nuus van hierdie pastore se slegte gedrag het die Suid-Afrikaanse geloofsgemeenskap tot die kern geskok.
- Die nuus van wat hierdie sogenaamde manne van God doen het die nasie geskok.
- Suid-Afrikaners was verstom gelaat deur die onthulling van hierdie aantygings.
- Die nasie was verslae gelaat deur dit waarvan hierdie manne aangekla was

LET WEL: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word.

(2)

5.1.2 WAAROM DINK JY HET MEDIADEKKING TOEGENEEM?

- Godsdienste kry die meeste dekking vir irrelevante en negatiewe sake.
- Klagtes oor die onetiese gedrag van godsdienstige leiers vanaf gemeenskapslede het toegeneem.
- Gevaarlike of suspisieuse kerkaktiwiteite het grootliks na vore gekom.
- Kontroversiële sake kry meer lugtyd (of spasie) as spirituele sake.
- Indien godsdiensteleiers beskuldig word van wandade is hulle hoofnuus.
- Daarenteen word godsdienstige leiers wat hul plig nakom om vir armes kos en klere te gee, nie as nuuswaardig beskou nie.

LET WEL: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word.

(4)

5.1.3 NOEM TWEE VOORBEELDE VAN MISDADE WAARBY HIERDIE PASTORE/ PROFETE BETROKKE IS

- Seksuele uitbuiting
- Mensehandel
- Bedrog

LET WEL: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word.

(4)

5.2 HOE KAN ONS SAAMWERK OM TE VERSEKER DAT ONS DIE LAND VAN HIERDIE VALSE PASTORE/ PROFETE VRY MAAK?

- Die staat moet godsdienste reguleer.
- Die staat moet bepaal wie mag kerke begin.
- Ons regstelsel moet behoorlike strawwe implementeer.
- Daar moet 'n uitroep vanaf veral die gemeenskap wees teen kerke en leiers wat hulle aan misbruike skuldig maak.
- Optogte en saamtrekke moet teen vals pastore/profete gereël word.
- Alle valse pastore moet blootgestel word.

LET WEL: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word.

(6)

5.3 WAT IS KWAKSALWERY?

- Oneerlike praktyke en bewerings dat 'n persoon spesiale kennis en vaardighede in een of ander area het.

LET WEL: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (2)

5.4 BEANTWOORD DIE VRAE OOR DIE KONFLIK-ARTIKEL**5.4.1 IS DIE KONFLIK INTER- OF INTRA-GODSDIENSTIG? GEE REDES VIR JOU ANTWOORD.**

- Inter-godsdienstig.
- Die konflik is tussen groepe van verskillende godsdienste.
- Die konflik is tussen Moslems en Christene.

LET WEL: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (4)

5.4.2 WATTER ROL KAN GODSDIENSTIGE ORGANISASIES SPEEL OM SULKE KONFLIKTE TE VOORKOM?

- Hulle kan multigodsdienstige byeenkomste reël om godsdienstige verdraagsaamheid te skep.
- Alle godsdienste moet met die regering saamwerk sodat alle godsdienste gelyk deur die regering behandel sal word.
- Alle godsdienste moet godsdiensvryheid bepleit.
- Mense sal dan godsdienste of wêreldbeskouings kies op grond van vrye wil.
- Beide Christen- en Moslemleiers moet vredesinisiatiewe ondersteun.
- Hulle moet wys dat hulle die vredesbewakers van die Afrika-Unie ondersteun.
- Godsdienstige organisasies moet steun vir vredesinisiatiewe toon.
- Hulle moet gesamentlik aan humanitêre pogings deelneem om 'n werksverhouding te ontwikkel.

LET WEL: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (8)

5.4.3 “DIE KONFLIK IS INGEWIKKELD EN MULTILAAGS.” WAT BETEKEN HIERDIE AANHALING?

- Dit beteken die konflik is nie maklik om te verstaan nie.
- Dit is multilaags aangesien daar baie kwessies betrokke is.
- Kwessies sluit godsdiens, etnisiteit, grond-aanwending, ens. in.

LET WEL: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (4)

5.4.4 UIT DIE UITTREKSEL, GEE DIE GEVOLGE VAN DIE KONFLIK TUSSEN DIE GROEPE

- Honderde het gesterf.
- Baie is gewond en moes gehospitaliseer word.
- 'n Petrolstasie is afgebrand.
- Vertroue tussen verskillende godsdienste het skade gelei.

LET WEL: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (4)

5.5 **DAAR IS TOT ONLANGS GEARGUMENTEER DAT DIE KONFLIK IN SOEDAN 'N GODSDIENSTIGE OORLOG IS. STEM JY SAAM? GEE REDES VIR JOU ANTWOORD.**

EK STEM SAAM

- In die suide van Soedan is daar 'n aansienlike Christen-teenwoordigheid, asook ATG-volgelingen, terwyl die Noorde amper heeltemal uit Moslems bestaan.
- Die hoofsaaklik nie-Moslem Suid word grotendeels deur die Kartoem regering geïgnoreer.
- Dit blyk uit die algehele gebrek aan infrastruktuur.
- Die ekonomie van die Suid is vernietig as gevolg van Kartoem se verwaarloosing.
- Dit lei tot wydverspreide armoede in die Suid.
- Aanvalle deur militante ("janjeweede") op nie-Arabiese dorpieë in die Suid is algemeen.
- Die Kartoem-regering het niks gedoen om hierdie strooptogte te stop nie.
- Alhoewel daar konflik tussen stamme is, is dit ook volgens godsdienste verdeel omdat stamme in hul geheel 'n enkele godsdienst volg.
- Die 1983-afdwinging van Sharia-wette was 'n poging deur die Noorde om die Suid heeltemal te domineer.

LET WEL: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word.

EK STEM NIE SAAM NIE

- Die Darfoer-konflik in Suid-Soedan het meer as 100 jaar gelede begin.
- Die hoofverdeeltheid was etnies/stam en kultureel van aard.
- Godsdienst is nie 'n radikale bron van verdeeltheid nie.
- Die meeste mense in Darfoer is Sunni-Moslems; so ook die regering in Kartoem.
- In 1983 was daar burgeroorlog toe die Moslem-regering probeer het om Islamitiese wette in die Suid af te dwing.
- In 2005 het Suid-Afrika 'n vredesooreenkoms tussen die Noorde en Suid bemiddel.
- Die konflik het egter voortgeduur.
- 'n VN gesteunde referendum het in 2011 op die verdeling van die Suid besluit.
- Die harmonieuse verhouding tussen Kartoem en Juba was van korte duur.
- Die konflik duur voort en die Heglig olievelde is die grootste kwessie.

LET WEL: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word.

(8)

5.6 **WAT IS JOU SIENING OOR DIE REAKSIE VAN IMAM KASAM EN DIE PREDIKER VAN OMEGA FIRE MINISTRIES?**

- Imam Kasam se ongegronde aantuigings kon tot meer geweld tussen Moslems en Christene gelei het.
- Die prediker was verkeerd toe hy sy volgelinge aangemoedig het om die Fulani-veewagters dood te maak.
- Wat hy aangemoedig het was nie selfverdediging nie, maar moord.
- Haat was aan beide kante aangeblaas.
- Vertroue en verdraagsaamheid het skade gelei.

LET WEL: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word.

(4)

[50]

TOTAAL AFDELING B: 100

GROOTTOTAAL: 150